

**30 Maart**

**Lukas 23:35-43, (Teks: 23:43)**

***Geseënd is dié wat barmhartig is...***

Ons wêreld is vol aanstootlike mense: Slegte, gemene, haatdraende, kwaadwillige, liefdelose, onbetroubare en hardvotige mense. Die dag as hulle hulle vasloop, sê ons maklik: "Dit is sy verdiende loon", veral as ek nie van hom hou nie. Lukas vertel ons van so 'n man wat sy verdiende loon gekry het. Hy was 'n geharde misdadiger, 'n rower. Die man erken self dat hy en sy maat die verdiende straf vir hulle dade kry. Toe hy langs Christus aan die kruis hang, het hy nog met Christus die spot gedryf! Die volgende wat ons van hom hoor, is dat hy sy mede-misdadiger vermaan en 'n eenvoudige versoek tot Christus rig: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." Hier vlak voor sy dood het die Heilige Gees hom tot bekering gebring. Dan oorspoel die genade van Christus die arme drommel: "Ek verseker jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Ten spyte van sy gruwelike lewe, betoon die Here Jesus aan hierdie misdadiger in sy laaste lewens-oomblikke weergalose barmhartigheid! Jy sal onthou dat dit juis een van die mooi eienskappe is wat die Heilige Gees ons skenk: Barmhartigheid - 'n besorgdheid oor stoflike en geestelike minderbevoorregtes. Onthou: Ons is self eertydse vyande van Christus wat barmhartigheid ontvang het. Daarom verwag Christus ook van ons barmhartigheid. Kyk nou net 'n slag eerlik hoeveel geleentheid jy vandag het om barmhartigheid te betoon. Volg Christus na en doen dit.

Sing: Skrifberyming 6:2

Ds. A.P.C. Duvenage (Bultfontein)